Redaksioneel

Redaksioneel

Die redaksie van *In die Skriflig* het die voorreg om hierdie uitgawe aan ons lesers aan te bied. Soos in die verlede is gepoog om aktuele temas uit die verskillende dissiplines van die gereformeerde ensiklopedie te belig. Twee artikels behandel Ou Testamentiese temas. J.L Helberg en S.D. Snyman laat val die lig op Psalm 1 en Maleagi 2 onderskeidelik en bring interessante nuwe stof tot nadenke na vore. F.P. Viljoen en L. Floor gee ’n perspektief op die tema van goeie en slegte engele. Hiermee word ’n terrein ontgin waaroor daar nie baie resente literatuur die lig gesien het nie. F.W. de Wet betree die terrein van meta-teorie deur die bespreking van die handelingswetenskaplike model van Zerfass, wat tans in die Praktiese Teologie ondersoek word. Ook in hierdie vakgebied hanteer J. Müller en J. Putter die diskoerse oor heling in ’n narratief-pastorale benadering. C.J. Smit en C.F.C. Coetzee lewer belangrike en waardevolle bydraes in die veld van die Ekklesiologie en A.L. Rheeder en J.M. Vorster behandel in ’n voorlopige teologies-etiese beskouing die uiters aktuele saak van genetiese manipulasie en selektiewe voortplanting. Ons vertrou dat hierdie gewaardeerde bydraes vir ons lesers in hulle eie navorsing van groot waarde sal wees.

Benewens die artikels word verskeie onlangse publikasies ook bespreek. Hiermee spreek ons ook ons dank uit teenoor die resensente en gelukwense aan die skrywers. In die veld van die teologie word tans druk gepubliseer en uit ’n oorsig van die boeke wat tans aangekondig word, blyk dit dat daar in besonder in die navorsing gekonsentreer word op die teenswoordige relevansie van die teologie. Die modernisme het vrae aan die orde gestel wat teoloë tot nadenke gestem het en die vrug daarvan verskyn vandag op die rakke. Dit kan ook nie anders nie, want relevante teologie is in voortdurende interaksie met die strominge van die tyd. *In die Skriflig* wil ook deel van die proses wees, maar poog om daarby deur kritiese wetenskaplike ondersoek, diskussie en kommunikasie te soek na die lig van die Skrif op bepaalde aktuele terreine. So wil

ons graag bou aan die gereformeerde teologie. Geen teologie kan egter gebou word as daar nie kennis geneem word van die standpunte van ander en die debatte wat elders gevoer word nie. Ook hieraan moet op kritiese wyse aandag gegee word en diskussie gevoer word.

Ten slotte wil ek graag die dank van die redaksie oordra aan prof. P.P. Kruger wat, weens druk werksomstandighede, aan die einde van 2005 as redakteur van *In die Skriflig* uitgetree het. Ons dank hom vir sy onbaatsugtige diens en vir die hoë standaarde wat hy gehandhaaf het. Sy ervaring gaan nie verlore nie, omdat hy steeds as sub-redakteur beskikbaar sal wees. Dank ook aan ons kantoor met die presiese wyse waarop die administrasie van *In die Skriflig* hanteer word.

Mag hierdie uitgawe van *In die Skriflig* u gedagtes prikkel!

J.M. Vorster

Redakteur: *In die Skriflig*